# Bewaringsplan vir renosters

'n BEWARINGSPLAN om die oorlewing van die swartrenoster in Suid-Afrika, Namibië en die selfregerende gebiede Transkei, Venda, Bophuthatswana en Ciskei te verseker, is onlangs deur al die vernaamste bewaringsinstansies en bewaringsfinansieringsinstansies in Suider-Afrika aanvaar.

Die swartrenoster, waarvan die getalle sedert 1979 weens wilddiefstal afgeneem het van 65 000 tot minder as 3 500, se laaste toevlugsoord is Suider-Afrika, waar 'n derde van die wêreld se swartrenosterbevolking bewaar word.

Hoewel die spesie oor die algemeen baie goed in dié streek bestuur word, het swartrenosterbevolkings nou van internasionale belang geword omdat wilddiefstal toeneem en die swartrenoster se getalle elders in die wêreld afneem. Die bevolkings is ook oor die algemeen klein en gefragmenteer, wat op sy beurt probleme skep met genetiese diversiteit. Hierdie faktor kan die swartrenoster se oorlewing op die lang duur bedreig.

Die bewaringsplan word reeds as prioriteit deur bewaringsowerhede in Natal, KwaZulu, die Kaapprovinsie, Bophuthatswana, Namibië asook deur die Nasionale Parkeraad toegepas. Die doel van die plan is om vir bewaringsowerhede gemeenskaplike streeksdoelwitte ten opsigte van elk van die bestaande drie swartrenoster-subspesies daar te stel en te verseker dat die beste bestuurstegnieke toegepas word.

Die Renosterbestuursgroep (RBG), wat bestaan uit bewaringsbestuurders in diens van bewaringsowerhede met renosters in hul gebiede, tesame met uitgesoekte renosterdeskundiges, sal die plan gereeld bywerk. Die groep se hoofdoel sal wees om die verwesenliking van bewaringsdoelwitte ten opsigte van swartrenosters te vergemaklik deur die doeltreffendheid van bestaande programme te evalueer, nuwe strategieë te ontwikkel en bewaringsowerhede van bestuursadvies te bedien. Dié groep sal ook navorsings- en bewaringsprioriteite vir swartrenosters identifiseer om as riglyne te dien vir instansies wat die plan wil finansier.



# *Artists support conservation*

*BRITISH artist Oenone Hammersley with some of her paintings for an exhibition at the Natural History Museum during February of this year, entitled* Living Earth's Rainforest Art.

*Tropical rainforests are the richest source of life on the planet. At current rates of destruction, they will be gone within 40 years.*

*Oenone Hammersley, pictured here holding her painting "Tigress with Cubs" and wearing a T-shirt she designed with a rainforest motif, is one of a thirty-four-strong group of top contemporary artists in Britain who, aware of the wonder and magic of the threatened rainforests, combined their efforts for the Natural History Museum exhibition.*

*Fifty percent of the proceeds from the sale of these paintings was donated to support educational and conservation programmes in rain-forest countries being run by Living Earth and the Fauna and Flora Preservation Society. Living Earth works in partnership with business institutes, governments and charities to find practical solutions to environmental problems.*

*Oenone is a printmaker and painter in gouache. She found inspiration for her work during her expeditions to rainforests in South-East Asia, Africa and Central America. Born in England in 1957, she studied art at Wimbledon College of Art and printmaking at the City Literary Institute, London. She has exhibited her work in London, Edinburgh, Paris and New York. Other campaigns with which she is actively involved include the World Wildlife Fund and Friends of the Earth* — London Pictures Service

# conserva

ISSN 0258-3313

Uitgereik deur die Departement van Omgewingsake
Issued by the Department of Environment Affairs



Mei/May 90
Vol 5 No 3